

Mediaverklaring

Akademia help matrieks vanjaar ook met Wetenskap en Rekeningkunde

2019-06-11

Goeie matriekresultate lyk nie net goed op 'n CV nie, maar is die sleutel tot verdere studie. Daarom is dit belangrik dat matrikulante alles in die stryd werp tydens voorbereiding vir die matriekeksamen.

Dit is geen geheim dat ekstra voorbereiding matrieks help om beter punte te behaal nie. Omdat meeste van ons leerders in oorvol klasse skoolgaan en nie altyd toegang het tot 'n privaat tutor of ekstra klasse nie, kan matrikulante groot voordeel trek uit ekstra klasse tydens die wintervakansie.

Akademia bied reeds sedert 2015 met groot sukses jaarliks 'n Winterskool in die Junie-vakansie aan. Vanjaar vind die Winterskool van 2 tot 5 Julie plaas by Akademia se Moot- en Somers-Wes-studiesentrums. Die vakke wat aangebied word, is Wiskunde, Tegniese Wiskunde en Afrikaans Huistaal. Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde word ook vanjaar vir die eerste keer vanjaar aangebied.

Hanre Groenewald, 'n student wat verlede jaar die Winterskool bygewoon het, sê hy het baie gebaat by die ekstra klasse. "Ek het baie meer hulpbronne ontvang as wat ek by die skool gekry het en onderwysers by die Winterskool het die werk ook baie beter verduidelik as my eie onderwysers," sê Groenewald.

Marli Buys se wiskundepunt het verbeter nadat sy verlede jaar Akademia se Winterskool bygewoon het. Sy sê die Winterskool was veral waardevol, aangesien leerders na die tyd wéér na video-opnames van die lesse kon kyk. Video-opnames word aan leerlinge wat die winterskool bygewoon het beskikbaar gestel om werk te hersien en as verdere voorbereiding vir die rekord- en eindeksamens te gebruik.

Marie Grabe, 'n voormalige onderwyser in Afrikaans Huistaal aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool, sê dit is beslis die moeite werd vir matrikulante om Akademia se Winterskool by te woon. "Akademia maak gebruik van die beste onderwysers, wat weet wat van matrikulante verwag word tydens die eksamen," sê Grabe. "Hierdie onderwysers wys al die vangplekke vir leerders uit en wys hulle ook hoe om gestruktureerd te leer."



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion